## DOEL:
Om al Polly Shorts personeel en leerders op hoogte te bring met die dissiplinêre prosedure.

## TOEPASLIKHEID:
Hierdie beleid is van toepassing op alle leerders, onderwysers en ouers.

## OORSIG:
Hierdie prosedure sal van toepassing wees op alle Polly Shorts-leerders en ouers asook Polly Shorts-personeel. Die dissiplinêre prosedure het ten doel om konflik in die skoolomgewing te voorkom, om die belange van beide die leerder en personeel te beskerm en om die praktyk van gesonde skoolverhoudinge te bevorder. Die prosedure erken die regte van elke leerder en onderwyser.

*DISIPLINEPLAN VIR LEERDERS*

**1.** Onderskeid word getref tussen drie tipes dissiplinepunte:

- ✓ strafpunte (vir daadwerklike ongehoorsaamheid)
- ✓ korreksiepunte (vir oortredings op die terrein van vergeetagtigheid, ongelukke, onverantwoordelikheid, emosioneel onvolwasse gedrag, aandagsoekende gedrag en wangedrag teenoor ander)
- ✓ krisespunte (vir enige kommerwekkende of afwykende gedrag.)

**2. Strafpunte**

- ✓ Ouers word gekontak na slegs twee strafpunte omdat die skool geen moedswillige wangedrag sal duld nie. Die skool se dissiplière komitee moet besluit hoeveel strafpunte tot skorsing sal lei.
- ✓ Strafpunte word nie ligtelik gegee nie, maar wel sonder uitsondering vir openlike oneerbiedigheid teenoor gesagsfigure.

**3. Korreksiepunte**

- ✓ Ouers word gekontak na tien korreksiepunte omdat die soort wangedrag wat met korreksiepunte gestraf word, gedrag is wat nie uit ‘n swak gesindheid nie, maar uit swak vaardighede of persoonlike krisisse vloei en ‘n rukkie neem om met goeie, nuutaangeleerde gedrag te vervang. Kyk na die lys voorgestelde korreksies in die gedragstabelle wat toepaslik is vir die gedrag en ook na die korreksies onderaan hierdie dissiplineplan.

**4. Krisispunt**

- ✓ Een krisispunt noodsaak ‘n onmiddelike telefoonoproep na die ouers en die kind sal eers weer tot die skoolaktiwiteite, speelgronde, sportvelde of klaskamer toegelaat word wanneer ‘n dringende afspraak gemaak is met die ouers om skool toe te kom. Die bepalings vir kinders in krisis sal sodanig wees dat ouers binne 7 dae na die besoek aan die skool ‘n brief of verslag moet bring van

'n besoek aan of afspraak met die aangewese professionele persoon as bewys van sodanige afspraak.

- ✓ **Hulp aan die kind in krisis is hier die motief – nie straf nie.** Die verantwoordelikheid is in die eerste plek die ouers s'n. Die verontagsaming van die krisispuntbeleid of die toekenning van drie krisispunte binne een jaar sal gronde wees vir skorsing. Geen kind mag egter geskors word vir 'n oortreding waarvoor hy nie professionele hulp gekry het nie. Skole word daarom ten sterkste aangeraai om 'n professionele berader, terapeut of sielkunde aan te stel om te help wanneer ouers nie die fondse of vervoer het om hulp vir hulle kind te kry nie.

**Inhoudsopgawe**


1. Manipulasie (bl. 3)
2. Aandagsoekende of ontwrigtende gedrag. (bl. 4)
3. Ongelukke en onvermoë. (bl. 5 – 7)
4. Onverantwoordelikheid met tyd, geld, pligte, voorregte en besittings. (bl. 8 – 11)
5. Wangedrag teen oor ander. (bl. 12 – 14)
6. Emosioneel onvolwasse gedrag. (bl. 15)
7. Ongehoorsaamheid en moedswillige wangedrag. (bl. 16)
8. Afwykende en gevaarlike gedrag. (bl. 17 - 19)
9. Verwante dokumente, hulpbronne en hulpmiddels (bl. 19)

<table>
<tr><th colspan="3">1 Manipulasie</th></tr>
<tr><th>Oortreding</th><th>Voorgestelde gevolg</th><th>Verduideliking</th></tr>
<tr><td>1.1 Die kind kerm of dreig jou ten einde met swak gedrag weg te kom of om verantwoordelikheid te ontduik.</td><td>Korreksiepunt</td><td rowspan="4">Die onderwyser hou voet by stuk: “Jy probeer my manipuleer deur wat jy nou doen. Dit word nie toegelaat nie. As jy dit weer doen, kry jy ‘n stafpunt vir ongehoorsaamheid. My besluit gaan nie verander nie en my besluit is dat jy.... (bv. die tien sinne MOET skryf, al is jy nie lus nie/tydens pouse die banke moet regskuif omdat jy die klaskamer bemors het.)<br>Indien die kind nie dadelik met ‘n beter gesindheid inskiklik word nie, kondig jy kalm aan: “Ek sien jy het nie net ‘n kans gevat nie. Ek sien jy weier eintlik om my gesag te aanvaar. Dit is ongehoorsaamheid. Ek gee jou dus ‘n strafpunt. Niks het verander nie, jy moet nog steeds.....<br>Indien die kind daarop ook aggressief reageer, antwoord jy: “<br>“Ek sien jy kies om my gesag te toets. My gesag maak dat ek dadelik ‘n tweede strafpunt mag bysit. Twee strafpunte beteken ‘n brief na jou ouers toe sodat hulle die hoof moet kom sien. Ek gaan dit dus vandag moet gee.”</td></tr>
<tr><td>1.2 Die kind sug, stamp voete, klap tong, slaan op haar tafel, draai haar rug of probeer op ‘n ander manier die onderwyser “straf.”</td><td>Korreksiepunt</td></tr>
<tr><td>1.3 Kinders beskuldig jou valslik van onregverdigheid of probeer om jou dom te laat voel.</td><td>Korreksiepunt</td></tr>
<tr><td>1.4 Kinders laat jou voel asof jy hulle iets skuld deur jou met ‘n ander onderwyser te vergelyk wat “gawer” is.</td><td>Korreksiepunt</td></tr>
</table>

## 2 Aandagsoekende of ontwrigtende gedrag

| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
|---|---|---|
| **2.1** Die kind eet, drink, skryf of stuur briefies of doen huiswerk wat reeds gedoen moes gewees het tydens byeenkomste in die saal of op die gronde of in die klaskamer. | Korreksiepunt X 2 | Twee korreksiepunte |
| **2.2** Die kind praat terwyl die onderwyser praat of terwyl daar afkondigings oor die interkom gemaak word, sodat ander die ander nie die belangrike inligitng kan hoor nie. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt |
| **2.3** Die kind beweeg onordelik of luidrugtig tussen klasse. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt |
| **2.4** Die kind bring 'n verbode maar skadelose item skool toe wat onderrig ontwrig, bv. 'n insek, spinnekop, reptiel, voëltjie, of grillerige dooie dier- of plantmateriaal, foto's of enige ander prent of voorwerp wat 'n ander kind of personeellid se konsentrasie kan belemmer. Enige speelding wat geluide maak, aksies uitvoer of helder liggies het val ook hieronder. | Korreksiepunt x 3<br>Kennisnamevorm (1).docx | Drie korreksiepunte, waarvan een kan wegval indien die verbode voorwerp voor pouse deur die ouers van die terrein verwyder word. Indien die voorwerp nie verwyder kan word nie gaan 'n "Kennisnamevorm" huis toe wat soos alle ander vorms teen die daaropvolgende Vrydag terugbesorg word. Een korreksiepunt word toegeken vir elke dag wat die vorm laat is. |

## 3 Ongelukke en onvermoë

| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
|---|---|---|
| **3.1** Vergeetagtigheid: het iets wat by die skool moet wees tuis vergeet. | Korreksiepunte x 3 | Indien jy seker is dit is regtig vergeet en nie aspris tuis gelos nie, is 'n geheuestrategie nodig. Laat die kind dadelik 'n merkie op haar hand of arm maak of 'n helder lint of helder pypskoonmaker aan die tashandvatsel sit om te help onthou. Ouer kinders met selfone kan 'n alarm stel wat teen 7:30 die aand lui wat gewoonlik 'n goeie tyd is om te onthou wat die volgende dag in die skooltas moet wees.<br>Die kind moet die volgende dag saambring wat hy vandag vergeet het al was dit vir vandag bedoel en al het hy dit nie die volgende dag nodig nie, sodat die kind nie leer dat dit maar oukei is om als te vergeet nie. Die kind moet oefen om te onthou en om geheuetegnieke te gebruik.<br>Indien die kind die volgende dag steeds nie die vereiste item skool toe bring nie, kry hy 'n korreksiepunt totdat die item skool toe gebring word. (Hou dus maar 'n paar bont linte en pypskoonmakers in die klas aan en laat die kind die kleur kies wat hy dink hy sal raaksien om hom te help onthou.)<br>Sodra die kind onthou, neem jy die lint of skoonmaker terug. Wees bewus daarvan dat sommige kinders dalk nie vergeet nie, maar nie die geld het om die item aan te skaf nie en dat die korreksie wat met die korreksiepunt saamval toepaslik moet wees: Kinders moet kan werk vir die item! Jy as onderwyser kan |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | | ekstras vir sekere items aanhou (bv. tydskrifte) en besluit hoe 'n kind die tydskrifte met 'n werkie in die klas kan "verdien" as jy sou vermoed hulle koop nooit tydskrifte nie omdat dit 'n luukse is. |
| | **3.2** Die kind vergeet om geld te bring vir 'n bepaaldie voorreg van die dag. | | Hy kan kies (dis die regte ouderdom vir beperkte keuses!)<br>• Om die voorreg te verbeur – dan is daar geen korreksiepunt nie<br>• Om die klas of onderwyser te vra om vir hom die geld te leen (indien hy dit nie die volgende dag teruggee nie, kry hy vir elke dag een korreksiepunt totdat dit terugbetaal is – baie goeie leerskool om nie skuld te maak nie!)<br>• Om op die dag 'n werkie te doen waarmee hy die geld kan verdien (Gestel bv. dis net R5. Hy kan bv. tydens pouse die klas vee of asblik leegmaak en R5 van die onderwyser verdien of teen R1 per kind vir die ander kinders in die snoepie ry gaan staan en hulle bestellings gaan koop.) |
| | **3.3** 'n Kind breek per ongeluk iets en kan nie die item herstel of vervanging bekostig nie. | Ongeluksvorm - Beskadiging van eie | Geen korreksiepunt word aanvanklik toegeken nie. Die opdrag is om 'n "Eisvorm" geteken terug te besorg sodra die skool bepaal het wat die koste hieraan verbonde gaan beloop. Die kind het tot die Vrydag na die oortreding om die vorm geteken terug te besorg. Indien dit gebeur, is daar geen ander korreksie nie. Die saak is nou tussen die skool en die ouer en laat betaling van van die eis sal nie op die kind se rekening kom nie. 'n Korreksiepunt word wel |

| | | |
|---|---|---|
| | | toegeken vir elke dag wat die kind die vormpie nie terugbring nie. |
| **3.4** ‘n Kind maak per ongeluk iemand anders seer of beskadig ‘n ander kind se eiendom of skooldrag. | | Indien een party beweer dit was ‘n ongeluk en die ander glo dat dit nie was nie, word die omstanders gevra. Indien daar onsekerheid is, word dit soos wangedrag teenoor andere hanteer. Indien albei partye egter saamstem dat dit ‘n ongeluk was, gaan die “Ongeluksvorm” huis toe en ‘n afskrif gaan na die ouers van die kind wat skade gely het. Soos hierbo, moet dit geteken terugkom voor of op die Vrydag na die ongeluk. Elke dag daarna is dit een korreksiepunt indien die vorm nie geteken terugbesorg word nie. |
| **3.5** Die kind onderpresteer, het wisselvallige prestasie, of vaar onverklaarbaar of onaanvaarbaar swak met ‘n bepaalde leervaardigheid, werkstuk, toets of eksamen | Korreksiepunt | Een korreksiepunt wat wegval sodra ‘n verslag ontvang is van ‘n opvoedkundige sielkundige, remediërende onderwyser, arbeidsterapeut, of ander professionele akademiese helper. |

| ***4 Onverantwoordelikheid met tyd, geld, pligte, voorregte en besittings*** | | |
|---|---|---|
| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
| **4.1** Die kind kom laat vir skool sonder enige aanvaarbare verskoning. (Aanvaarbare verskonings is byvoorbeeld groot motorongelukke wat verkeer dermate ontwrig dat heelparty kinders laat kom.) | Korreksiepunt | Die keuse:<br>Een korreksiepunt vir elke 10 minute of deel daarvan<br>OF<br>Vier maal die tyd wat die kind laat was in die vorm van detensie op dieselfe dag as die oortreding. |
| **4.2** Die kind kom laat by 'n klas of skoolaktiwiteit aan. | Korreksiepunt | Een korrreksiepunt vir elke 3 minute of gedeelte daarvan<br>OF<br>Tien maal die tyd wat die kind laat was in detensie op dieselfe dag as die oortreding. |
| **4.3** Die kind verlaat die klas sonder die onderwyser se toestemming of besoek die kleedkamer sonder 'n pas (elke klas behoort een vir seuns en een vir dogters te hê en net een kind op 'n keer toe te laat om die kleedkamer te besoek.) | Korreksiepunt x 3 | Drie korreksiepunte. (Die strenger punte is omdat dit moeilik is om te vergeet om toestemming te vra. Daar is dus die vermoede van doelbewuste verontagsaming van 'n skoolreël.) |
| **4.4** Die kind is tydens skool-, kultuur- of sportaktiwiteite afwesig weens afsprake buite die skool maar het nie die korrekte proses betyds gevolg om reëlingste tref vir die afwesigheid nie. | Korreksiepunt x 3 | Drie korreksiepunte waarvan een kan wegval indien die kind die volgende dag die nodige brief bring om die afwesghied te verduidelik. |
| **4.5** Die kind is afwesig weens siekte en geen kennis daarvan word op die eerste dag na die afwesigheid aan die skool gegee nie. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt vir elke dag sonder kennisgewing. |
| **4.6** Die kind is een, twee of drie dae lank afwesig en bring nie met die terugkeer skool | Korreksiepunt | Een korreksiepunt elke dag totdat die briefie skool toe kom. Gebruik geheuetegnieke. |

| | | |
|---|---|---|
| toe 'n briefie van die ouers as bewys van siekte nie. | | |
| **4.7** Die kind is vier dae of langer afwesig en bring nie op die eerste dag van skoolbywoning 'n doktersertifikaat as bewys van siekte nie. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt vir elke dag wat die doktersbrief laat is. Een strafpunt as geen doktersbrief gelewer word nie. |
| **4.8** Die kind mis 'n geskeduleerde toets of eksamen weens afwesigheid. | Korreksiepunt | 'n 0-punt word vir die betrokke toets of eksamen toegeken tensy 'n doktersbrief met terugkeer aan die skool ingehandig word. Een korreksiepunt vir elke dag wat die brief laat is. |
| **4.9** Selfoongebruik buite die skool se bepalings, ongeag die erns van die krisis. 'n Kind mag die onderwyer tog versoek om die selfoon in noodgevalle te gebruik. Sonder sodanige toestemming sal daar geen uitsonderings gemaak word nie. | Korreksiepunt x 3 | Drie korreksiepunte omdat dit op geen manier 'n ongeluk of die ouers se verantwoordelikheid kon gewees het nie.<br>OF<br>Die foon se SIM-kaart word geskut tot die Vrydag na die oortreding. 'n Kind wat weier om die foonkaart te oorhandig, kry die korreksiepunt vir wangebruik van die selfoon en 'n strafpunt vir moedswillige weiering. Indien die onderwyser die strafunt aankondig en die kind wil steeds nie die foonkaart oorhandig nie, word die tweede strafpunt dadelik toegeken en die brief aan die ouers word dienooreenkomstig gestuur. |
| **4.10** Die kind verniel met opset of weens onverantwoordelike gedrag skooleiendom of eiendom elders tydens 'n skoolaktiwiteit. | Strafpunt | Een strafpunt en gebruik die "Eisvorm" vir onverantwoordelikheid. 'n Korresiepunt vir elke dag na die daaropvogende Vrydag wat die getekende eisvorm nie teruggestuur is en die eisproses nie na wense deur die ouers hanteer is nie. |
| **4.**11 Die kind mors water in die kleedkamer of op die skoolterrein deur krane onnodig groot oop te draai of oop te los. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt |
| **4.12** Die kind bring medisyne | Korreksiepunt x 2 | Twee korreksiepunte |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | skool toe sonder om die onderwyser in te lig. | | |
| | **4.13** Die kind gooi of skop sonder toestemming balle of ander voorwerpe op die terrein rond. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt tensy daar skade is. |
| | **4.14** Die kind het 'n bedrag geld by die skool bo wat op die dag nodig kan wees vir skoolaktiwiteite of verversings. | Korreksiepunt x 2 | Een korreksiepunt en die "Geldvorm" word huis toe gestuur en moet terugbesorg word soos hierbo. |
| | **4.15** Die kind doen tydens skoolure ruiltransaksies of verkope, koop of verkoop items deur die heining of speel dobbelspeletjies. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt en alle geld moet dadelik teruggegee word. Goedere mag gekonfiskeer word indien die personeellid dit as onveilig beskou. |
| | **4.16** Die kind strooi rommel binne of buite die klaskamer, op die skoolterrein of op enige plek waar die kind 'n skoolaktiwiteit bywoon. Dit sluit enige papiere, plastiek, bottels, blikkies, oorskietkos, skille, doppe of gekoude kougom in. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt en die kind moet dit dadelik vriendelik regstel. Indien die kind met 'n slegte gesindhied hierop reageer, word 'n strafpunt ook toegeken. |
| | **4.17** Die kind se huiswerk is nie op standaard nie (met inagneming van die kind se vorige prestasie, dus nie in vergelyking met ander se werk nie maar sy eie vermoë) of nie heeltemal klaar nie. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt<br>EN<br>Die kind voltooi of korrigeer dit voor die einde van die skooldag, deur bv. tydens pouse die werk klaar te maak, anders kom 'n tweede korreksiepunt by.<br>(Indien die werk onvolledig is omdat die kind nie die werk verstaan nie, verseker die korreksiepunte dat hierdie probleem betyds onder die ouers se aandag sal kom |
| | **4.18** Die kind skryf huiswerk by iemand anders af. | Korreksiepunt | Altwee kinders kry drie korreksiepunte elk en die afskrywer moet binne 24 uur die werk oordoen. |
| | **4.19** Die kind kopieer iemand anders se werkstuk wat punte tel. | Korreksiepunt | Aangesien hulle die werk gedeel het, deel hulle ook die punte. Indien die werkstuk 70% werd is, kry elkeen dus 35% daarvoor. Indien dit hulle |

| | | |
|---|---|---|
| | | kwartaal- of jaarpunt na 'n druipsyfer toe sou neem, is daar die alternatief dat albei die werk oordoen en onafhanklik punte verdien. 'n Benaddeling van 10% per dag sal geld. |
| **4.20** Die kind se huiswerk is nie betyds by die skool nie. | Korreksiepunt x 2 | Twee korreksiepunte (een vir vergeetagtigheid en een vir ongedane werk). Indien die kind egter die werk voor die einde van die dag korrek en volledig vir die onderwyser kan doen, val een van die korreksiepunte weg. |
| **4.21** Die kind lewer werk wat punte tel laat in. | Korreksiepunt | 10% - benadeling vir elke dag wat die werk laat is. Indien die punt die leerling kan laat druip omdat die werk baie laat is, moet die kind die geleentheid gegun word om nog ' n werkstuk in te lewer met 'n sperdatum wat absoluut vas is. Indien die kind 'n geldige skriftelike verskoning met die voog of ouer se handtekening op die sperdatum inlewer, word die benadeling op die onderwyser se diskresie vir een of meer dae uitgestel. Elke dag daarna sal die 10% benadeling egter steeds van die punt afgetrek word totdat die werk ingelewer is. |
| **4.22** Die kind het nie skoolwerk wat tydens siekte agter geraak het ingehaal nie. Die eis is dat eendag se werk binne een dag na terukeer skool toe ingehaal word en drie dae se werk binne drie dae, ens. Die nuwe werk mag egter nie agter raak nie. | Korreksiepunt | 'n Korreksiepunt vir elke dag wat die werk laat is. |
| **4.23** Die kind doen nie sy deel tydens groepwerk nie. | Korreksiepunt | |

## 5 *Wangedrag teen oor ander*

| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
|---|---|---|
| **5.1** Die kind beledig ‘n onderwyser, ‘n ander personneellid, medeleerling, afrigter, mededinger by ‘n sportbyeenkoms of besoeker aan die skool deur enige bynaam te gee of ander neerhalende opmerking te maak oor voorkoms, intellek, ras, taal, kultuur, geloof, gestremdheid, gewig of enige ander eienskap van die persoon. Dit is ‘ n oortreding ongeag of dit direk of indirek aan die persoon gesê word en of die ander persoon dit hoor of nie. Die mate waarin die ander persoon emosioneel geraak word, is ook nie ter sake nie. Dit bly onaanvaarbaar. | Strafpunt<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Een strafpunt EN die kind moet skriftelik verskoning maak vir wat hy gesê het en die “Erkenningsbrief” met die ouer/voog se handtekening teen die volgende Vrydag aan die onderwyser besorg om waar nodig aan die beledigde persoon te gee. Vir elke dag wat dit laat is, is daar ook ‘n korreksiepunt vir vergeetagtigheid. Gebruik geheuetegnieke soos selfoonalarms of bont linte om die kind te help onthou. |
| **5.2** Die kind vloek ‘n ander persoon. ‘n Vloekwoord is ‘n woord of frase wat ‘n seksuele of kru verwysing na iemand of na ‘n liggaamsfunksie of liggaamsdeel maak en wat met ‘n aggressiewe, beledigende of uitlokkende toon aan iemand anders geskryf, gesê of by wyse van ‘n gebaar getoon word. Of die persoon dit hoor of sien is nie die maatstaf nie. | Strafpunt<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Een strafpunt. EN die kind moet skriftelik verskoning maak vir wat hy gesê het en die “Erkenningsbrief” met die ouer/voog se handtekening teen die volgende Vrydag aan die onderwyser besorg om waar nodig aan die beledigde persoon te gee. Vir elke dag wat dit laat is, is daar ook ‘n korreksiepunt vir vergeetagtigheid. Gebruik geheuetegnieke. |
| **5.3** Die kind intimideer of dreig enige volwassene of kind op die skooterrein of by ‘n skoolfunksie of sportbyeenkoms met geweld – | Strafpunt<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Soos hierbo |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | met of sonder 'n voorwerp wat as wapen gebruik sou kon word. | | |
| | **5.4** Die kind maak enige volwassene of kind fisies seer met of sonder 'n voorwerp wat as wapen gebruik kan word. | Strafpunt<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Soos hierbo. |
| | **5.5** Die kind verneder enige volwassene of kind op enige van hierdie maniere:<br>• Versprei vals stories<br>• Neem foto's wat die persoon se beeld skade kan doen en/of vertoon of versprei sulke foto's wat iemand anders geneem het.<br>• Stuur beledigende selfoonboodskappe oor iemand aan, of ontvang dit maar vee dit nie dadelik uit nie.<br>• Maak die persoon vuil, skryf of plak iets op die persoon of op die persoon se eiendom of klere.<br>• Jok vir die persoon oor iets wat dan vir die persoon in die verleentheid bring. (Stuur bv. 'n kind verkeerdelik kantoor toe met die boodskap dat die hoof hom soek, terwyl dit nie die geval is nie.) | Strafpunt<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Een strafpunt EN die kind moet skriftelik verskoning maak vir wat hy gesê het en die "Erkenningsbrief" met die ouer/voog se handtekening teen die volgende Vrydag aan die onderwyser besorg om waar nodig aan die vernerderde persoon te gee. Vir elke dag wat dit laat is, is daar ook 'n korreksiepunt vir vergeetagtigheid. |
| | **5.6** Die kind laat 'n ander kind moedswillig in die moeilikheid beland. | Strafpunt<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Een strafpunt EN die kind moet skriftelik verskoning maak vir wat hy gesê het en die "Erkenningsbrief" met die ouer/voog se handtekening teen die volgende Vrydag aan die onderwyser besorg om waar nodig aan die vernerderde persoon te gee. |

| | | |
|---|---|---|
| | | Vir elke dag wat dit laat is, is daar ook ‘n korreksiepunt vir vergeetagtigheid. |
| **5.7** Die kind benadeel sy groep se punte of prestasie deur nie sy deel te doen tydens groepwerk nie of deur nie op te daag vir deelname aan die groep nie. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt en die kind moet elke lid van die groep wat deur sy versuim geraaak is om verskoning vra. |
| **5.8** Die kind groet nie terug wanneer iemand hom of haar groet nie. | Korreksiepunt | Een korreksiepunt. (Om te groet is die basiese bousteen van erkenning en respek. Sommige kinders is te skaam om eerste te groet, maar niemand mag weier om terug te groet nie.) |
| **5.9** Die kind spoeg op die terrein of sportveld of kou kougom. (Dit word beskou as wangedrag teenoor ander omdat dit swak maniere is, vir ander onaanskoulik is en oneerbiedig is. | Korreksiepunt met n geskrewe omverskoning. | Een korreksiepunt |

| ***6 Emosioneel onvolwasse gedrag*** | | |
|---|---|---|
| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
| **6.1** Die kind verloor selfbeheersing en ontplof emosioneel of verbaal sonder om iemand anders of homself te beseer en sonder om iemand anders te beledig. | | Gebruik die riglyne in die afdeling oor emosionele onvolwassenheid, maar omdat die ouer ook hier verantwoordelikheid het om hulp te kry indien die kind sielkundige ondersteuning moet kry, moet 'n korreksiepunt ook toegeken word, anders sal herhaling van die probleem dalk nooit onder die ouer se aandag kom nie. |
| **6.2** Die kind vloek uit frustrasie, skrik of pyn. Die vloekwoord is 'n kragwoord wat nie na 'n ander persoon verwys nie. | Korreksie Punt | Een korreksiepunt en 'n openbare verskoning aan diegene wat dit moes aanhoor. |
| **6.**3 Die kind jok om die gevolge van versuim te ontduik. | Publieke Verskoning<br>Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin | Drie korreksiepunte wat na een kan verminder indien die kind die volgende dag 'n getekende erkenningsbrief skool toe bring waarop die kind in sy of haar eie woorde die onwaarhied regstel en wat die ouers se handtekening daarby het. |

### *7 Ongehoorsaamheid en moedswillige wangedrag*

| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
|---|---|---|
| **7.1** Die kind weier om 'n redelike opdrag van enige gesagsfiguur by die skool of elders tydens 'n skoolaktiwiteit na te kom. | Een strafpunt | |
| **7.2** Die kind ignoreer 'n redelike versoek deur 'n personeellid op die skoolterrein of elders tydens 'n skoolaktiwiteit. | Een strafpunt | |
| **7.3** Die kind reageer op 'n redelike versoek met 'n ongeskikte gesindheid | Een strafpunt | |
| **7.4** Die kind sweep ander tot massa-aksie of betoging op of neem aan so 'n aksie deel. | Een strafpunt | |
| **7.5** Die kind moedig ander kinders aan om 'n opdrag van 'n onderwyser te verontagsaam. | Een strafpunt | |

## *8 Afwykende en gevaarlike gedrag*

| ***Oortreding*** | ***Voorgestelde gevolg*** | ***Verduideliking*** |
|---|---|---|
| **8.1** Die kind kan fisies nie stil sit nie, kan iets nie regkry nie wat herhaaldelik in die klas verduidelik is of kry ten spyte van sy beste probeerslag baie swak punte vir 'n toets of werkstuk. | Krisispunt | Een krisispunt wat verval sodra 'n verslag van een van die volgende persone ontvang is: 'n opvoedkundige sielkundige, professionele akademiese raadgewer, 'n pediater wat in leergestremheid of gedragsprobleme spesialiseer, 'n arbeidsterapeut met laasgenoemde spesialitiet of 'n remediërende onderwyser. |
| **8.2** Die kind toon geen reaksie op die onderwyser se pogings om hom of haar te help met korrekte gedrag nie. Die kind kom onleerbaar voor. | Krisispunt | Een krisispunt wat verval sodra 'n verslag van een van die volgende persone ontvang is: 'n psigiater, kindersielkundige, professionele akademiese steungewer, 'n pediater, 'n maatskaplike werker of spelterapeut, of 'n remediërende onderwyser. |
| **8.3** Die kind dreig om hom- of haarself of iemand anders ernstig te beseer of dood te maak. | Krisispunt | Een krisispunt wat verval sodra 'n verslag van een van die volgende persone ontvang is: 'n psigiater, kindersielkundige, kliniese sielkundige, opvoedkundige sielkundige, 'n geregistreerde pastorale berader, 'n maatskaplike werker of 'n spelterapeut. |
| **8.4** Die kind stig 'n brand of vernietig deur vandalisme duur toerusting of 'n groot hoeveelheid eiendom. | Krisispunt | Soos hierbo |
| **8.5** Die kind neem deel aan haatspraak of sweep ander op tot geweld of teistering teen lede van 'n ander ras, geloof of seksuele oriëntasie. | Krisispunt | Soos hierbo |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | **8.6** Die kind maak 'n seksuele gebaar of beweging ten aanskoue van ander; of maak 'n seksuele opmerking oor iemand – hetsy uitlokkend, komplimenterend of beledigend (al drie is vernederend in die openbaar!) ontbloot of raak aan hulle eie of iemand anders se onderklere of enige deel van iemand se lyf wat normaalweg deur die klere bedek word waarin die persoon op daardie oomblik geklee is; die kind vertoon (of speel) pornografiese of seksueel suggestiewe grappies, foto's, tekenprente, video's of klankopnames aan enige ander persoon of is in besit daarvan sonder om dit te vertoon. | Krisispunt | Soos hierbo |
| | **8.7** Die kind verwyder skooleiendom van die skoolterrein af. | Krisispunt | Soos hierbo |
| | **8.8** Die kind is in besit van gesteelde goedere. | Krisispunt | Soos hierbo |
| | **8.9** Die kind neem deel aan vryery of seksuele dade met 'n ander kind, met of sonder die ander kind se toestemming of bied geld aan of ontvang geld vir seksuele dade. | Krisispunt | Soos hierbo |
| | **8.10** Die kind vervals briewe of 'n handtkening of is oneerlik in toetse of eksamens. | Krisispunt | Soos hierbo |
| | **8.11** Die kind het 'n verbode of potensiaal gevaarlike item by die skool, insluitend enige wapen of voorwerp wat as wapen gebruik kan word of soos 'n wapen lyk of klink, enige hoogs vlambare of plofbare produk, enige dwelm, alkoholiese vloeistof, | Krisispunt | Soos hierbo |

| | | |
|---|---|---|
| tabakproduk of produk wat gerook kan word, enige aansteker of vuurhoutjies, enige naald of soortgelyke skerp voorwerp buiten dit wat noodsaaklik is vir projekte. | | |
| **8.12** Die kind gebruik enige verbode item soos hierbo op die skoolterrein of tydens skoolaktiwiteite elders, ongeag of hy dit skool toe gebring het en of dit iemand anders s'n is. Omstanders wat van nader as 5 meter toekyk sonder om 'n volwassene in te lig is ook skuldig want hulle stilswye tel as goedkeuring. | Krisispunt | Een krisispunt aan die oortreder en drie korreksiepunte aan die omstanders.<br>Die kind moet in geval van rook, dwelm- of alkoholgebruik buiten die verslag van die professionele persoon spesifiek, die bewys bring dat 'n rehabilitasieplan in werking gestel is. |
| **8.13** Die kind jaag met 'n voertuig op die terrein op 'n wyse wat homself of ander ernstig kan beseer. | Krisispunt | Een krisispunt en die voertuig word geskut totdat die ouers dit kan kom verwyder. |
| **8.14** Die kind neem aan satanisme of ander okkultiese rituele deel. | Krisispunt | Een krisispunt en 'n verslag van 'n pastorale berader, siekundige, maatskaplike werker of soorgelyke persoon ter verklaring dat die kind hulp ontvang. |

**VERWANTE DOKUMENTE, HULPBRONNE EN HULPMIDDELS:**

Ongeluksvorm - Beskadiging van eie

Eisvorm (5).docx

Eisvorm vir onverantwoordelikh

Geldvorm (8).docx

Kennisgewing Detensie (9).docx

Kennisgewing ongehoorsaamheid

Kennisnamevorm (1).docx

Ongeluksvorm - Beledeging, Beserin

Ongeluksvorm - Besering van n ande

E-Law Vorm.pdf

Dissipline Kaart per leerder.pdf